Ned. Geref. Kerk Kuilsrivier-De Eike

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
7579 Webwerf : www.ngkeike.co.za
http://www.facebook.com/pages/De-Eike-Gemeente-FB/199958340046137

Leraars: Ds. H Burger Ds. C Barnardo Ds. J Morkel Prop. J Viljoen
☎ 021 903 1798 021 982 7076 021 903 6654 084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Anien Heydenrych	☎ 074 496 6519
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h) of 021 981 5522 (w)

Verlede week se erediensbywoning

Oggenddiens: 324
Kinderkerk: 63
Aanddiens: 89

Totaal : 476 van 1716 (27.74%)

11 Junie 2017

Eerste Sondag in Koninkrykstyd

DRIE-EENHEIDSONDAG
BIDDAG VIR JEUG EN KATEGESE
09:30 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: Jeugwerk
09:30 Kinderkerk en Kleuterkerk – in konsistorie

Erediensspan – 1 Derick du Toit

18:00 Aanddiens
Senior kategese na afloop van die Aanddiens

VANDAG SE DEUROFFER IS TEN BATE VAN

JEUGWERK

Die visie van die Taakspan vir Jeug en Familie is om vir alle generasies ruimte te maak binne die kerk. Daarvoor doen ons navorsing, fasiliteer gesprekke en ontwerp prosesse wat gemeentes self kan gebruik om in hulle eie konteks hierdie uitdaging die hoof te bied. Die Taakspan ondersteun dit met materiaal wat ontwikkel word en kursusse wat aangebied word. 5

Voorbeelde hiervan is KiX-bediening (Kinderkrans), Padlangs ouerskap en Kontak Kategese, die gemeente-pakket en die twee reuse tiener feeste van 2014 (#imagine). By die Vennootskap vir Familiebediening dink gemeentes saam oor hoe hulle familiaal kan werk. Kontak gerus die Jeugkantoor met jeug- en familieverwante sake.

Kontakbesonderhede: Jeugkantoor (me Sharon Naudé) 021-808-9050 jeug@sun.ac.za
www.communitas.co.za www.kontak.org.za

WEEK SE PROGRAM

Gebedsonderwerp vir die week:

JEUG EN KATEGESE

Leesroostertekse vir die week

Gen 18:1-15; Ps 116:1-2, 12-19; Rom 5:1-8; Matt 9:35-10:23

Datum	Tyd	Wie / Wat	Besonderhede
Maandag	19:30	Vroue Bybelstudie kleingroep	Byeenkoms in Moederskamer
12-Jun	19:30	Sportmanne	Bybelstudie byeenkoms in konsistorie
Dinsdag	9:30	Senior Burgers	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
13-Jun	19:00	Kerkkoor	Oefening in kerk
	19:00	Dinsdag Mannegroep	Kleingroepbyeenkoms in konsistorie
Woensdag	9:30	Vrouelidmate	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
14-Jun	9:30	Bottelary Dames	Bybelstudiebyeenkoms by Cornelia Myburgh, Groenvlei
Donderdag	9:30	Dienssentrum vir Seniors	Musiek - Christo van Wyk - by Huis De Kuilen
15-Jun		Sopkombuis	Othello, Elize van Wyk
Vrydag		JEUGDAG	
16-Jun			
Saterdag			
17-Jun			

VOLGENDE SONDAG SE PROGRAM – 18 Junie 2017	
VADERSDAG **NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES** **09:30 Oggenddiens** **Deuroffer ten bate van: Instituut vir Blindes** **Geen Kinderkerk en Kleuterkerk** **Erediensspan 2 – Charl van Zyl**	**18:00 Aanddiens** **Geen Senior kategese**

Nuwe Lidmate

1. Welkom aan alle nuwe De Eike lidmate – skryf gerus u naam in die *Nuwe Intrekkers Registers* by die deure.
2. Die volgende lidmate se lidmaatskapsertifikate is ontvang:
   - Jandré, Christelle en Daniël Viljoen vanaf Wellington

Verjaarsdae vir die week

11/06 Carien Bester, Maléne Swift, Gerhard van Schalkwyk
12/06 Adinda Vermaak, Emily Clark, Doreen Swart, Donna Tolken, Joshua Nel
13/06 Flip Tolken, Conrad Groenewald, Rykie de Kock, Izak Maartens, Adriaan Kaltwasser
14/06 Anna van Wyk, Kobie Hanekom, Japie van der Merwe, Anita Jonas, Gawie Greeff, Jacques Huysamer
15/06 Hester Bosch, Retha Smit, Gerhard Moggee, Yolandi Radyn
16/06 Dewald Coetzee, Philip de Kock, Maria van Rensburg, Kuyper Albertyn, Renier Conradie, Lienke Nieuwoudt, Wihan Smith
17/06 **Ds. Hannes Burger,** Liza Müller, Alta van Zyl, Karel van Schalkwyk, Dirmarie Boonzaaier, Rentia van Wyk, Lohan Bester, Isobel Rix, Karen Carstens

Danksegging en Voorbidding

1. Henta van Zyl (Othello) is in die hospitaal.
2. Elsa Welman (Gladioli straat 131) het ’n draai in die hospitaal gemaak.
3. Theo Fölscher (Waterbessie straat 50) ondergaan in die komende week ’n operasie.
4. Jeanette Otto, eggenoot van Jimmy, (Kruispad, Brackenfell) is die afgelope week oorlede. Die roudiens is Woensdag 14 Junie in ons kerk om 11.00.
5. Pieter Combrinck (Bontebokstraat 3) het die afgelope week ’n oog-operasie ondergaan.

Van alles en nog wat

1. Versoeke vir **gebedsvoorbidding** kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate : Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820)
2. **Liedere Versoek-boek:** indien daar ’n spesiale lied is wat jy graag wil versoek deur die gemeente gesing moet word, skryf dit gerus in die versoek-boek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. **Die Mediasentrum** is elke Sondag na die erediens oop, gedurende die skoolkwartale.
4. Ons is nog steeds op soek **na ou tydskrifte** om te versprei na minderbevoorregtes. Bring gerus na die kerkkantoor. **Enige ou klere** – somer sowel as winterklere – is ook welkom, sowel as beddegoed, handdoeke, gordyne, ens.
5. **Alta du Toit Nasorgsentrum Damesoggend – Saterdag 24 Junie 2017** by Nelsons Creek. Kuier saam met Andriette Norman, Illse Roux Bridel Wear en Theresa Benade terwyl jy lekker eetgoed en vermaak gendiet. Kontak Marina by marina@altadutoit.org.za om jou plek te verseker.
6. **Sopkombuis:** Lidmate wat graag ’n brood vir die sopkombuis wil skenk, kan dit in die mandjies by die deure plaas of na die kerkkantoor neem.
7. Die bedrag van R12 737 is tydens Pinkster ingesamel vir Bybelverspreiding. Donasies is gemaak en Die Bybelgenootskap en Die Gideons. Daar is ook Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels aangekoop wat teen volgende week by die kerkkantoor beskikbaar sal wees. As jy weet van iemand wat nie ’n Bybel het nie, gaan kry gerus een by die kerkkantoor.
8. Die Pinksterreeks (7 dienste) is op CD beskikbaar teen R70. Die opnames sluit Piet Smit se sang in. Bestellings kan by die kerkkantoor geplaas word.

9. Ons sê BAIE DANKIE aan Clayton van Zyl en sy span werkers van Avalon wat die ontwortelde boom by die kerk opgesaag en verwyder het.

Die Kommissie vir Vrouelidmate
(voorheen bekend as Vrouediens)

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Dat die Here Jesus op Pinksterdag sy Gees kom uitstort het op sy gemeente en op elkeen van ons, beteken dat ons nie alleen op ons paadjie is nie ... Hy het vir ons 'n Helper gegee om ons by te staan en te dra - sy Gees wat ons troos as ons moedeloos word, wat ons inspireer en hoop gee as ons lam voel, wat ons leer en wysheid gee as ons dom en raadop raak, en wat heeltyd vir ons heenwys en herinner aan ons Here Jesus Christus, sodat ons Hom sal raaksien wanneer die storms rondom ons te woes raak.

COENIE BURGER

KINDERKERK

Ek is op soek na iemand wat my van tyd tot tyd by die Kinderkerk kan aflos met die orde van die erediens, sowel as die sang aanbieding (nie prediking nie). Dit sal my in staat stel om meer gereeld die volwasse eredienste by te woon.

Ons sing kinderliedjies, en maak gebruik van die volgende cd's : Jan de Wet, Soekie en die Radikids, Oom Karoolus, Nadine Blom en Gwendoline. Indien al hierdie liedjies nie bekend is aan een persoon nie, kan ons altyd bekende liedjies vir daardie persoon uitsoek vir daardie spesifieke Sondag. Kontak my asseblief by r.odendal@mweb.co.za of 0219034963 of 0829040950.
Riëtta Odendal

Jandré Viljoen word op Sondag 25 Junie 2017 tydens die oggenddiens georden en bevestig as leraar van die gemeente. Na afloop van die erediens kan die gemeente saam kuier in die saal.

Vanweë sy bevestiging sal daar nie op 25 Junie Kinderkerk wees nie. Die vergadering van die Kinderkerk se personeel is ook uitgestel tot na die vakansie, naamlik Sondag 30 Julie

Jandré lewer die volgende Sondag, 2 Julie 2017, sy intreepreek. Ons nooi almal uit na dié geleenthede.

HULP BENODIG

Ons gemeente het ’n uitreikaksie waar ons gebruik maak van leraars van die dorp om op ’n Woensdagoggend ’n kort boodskap by die speurders te bring.

Die betrokke dominee/pastoor word die Dinsdag geskakel om hom/haar daaraan te herinner. So ’n persoon word dan die Woensdag-oggend by sy huis opgelaai en na die speurders toe geneem. Party ry self. Tans is daar net 3 manne wat die rywerk doen. Ons sal graag meer mense wil betrek.

Jy ry 2 Woensdae na mekaar en dan later weer as dit jou beurt is. Hoe meer ons is, hoe minder ry jy. Die biduur is om 07:45, en jy is weer terug by die huis om 08:15. Indien jy sou belang stel, kontak my asseblief.
Louis Hurter (021) 982-0845 of 083-338-2003.

DIE SENIOR KATEGESE BIED AAN

Gesinsdiens op Sondag 25 Junie 2017 om 18:00

Tema: “Sport vir Christus”

Bring jou Pa, Ma, Ouma, Oupa – ag sommer die hele familie geklee in jou sport ondersteuningsdrag en kom luister hoe getuig sportster(re) vir Christus.

Sien jou daar!!!!

SADAG (South African Depression and Anxiety Group)
Ondersteuningsgroep vir ouers van kinders met Depressie en Angs

Ons wil graag die ouers van kinders (ongeag ouderdom) wat ly aan Depressie en Angs uitnooi om 'n ondersteuningsgroep by te woon by die NGK Kuilsrivier (Gebedskamer) op Donderdag 29 Junie om 19:00.
Die byeenkomste sal elke laaste Donderdag van die maand geskied.
Enigiemand is welkom - selfs ook mense uit Brackenfell, Eersterivier, Bellville en omliggende dele.

Belangstellendes kan navrae stuur aan: karinbursey@gmail.com of
hnfouche@gmail.com

DE EIKE KOSKAS

Die koskas waaruit behoefte lidmate en gesin in ons gemeente kospakkies ontvang, is tans baie leeg. Bydraes van enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens. Is dringend nodig om dié lidmate te kan help. Enige bydrae kan in die mandjies by die deure geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

BYSTAND IN RAMPGETEISTERDE GEBIEDE

Ons het almal gedurende die week in die media gesien van die skade wat deur duisende mense gely is, hier in die Kaap met die storm en in die Suid-Kaap met die brande.

Die NG Kerk in die Wes-Kaap doen ‘n dringende oproep op sy lidmate om ook betrokke te raak en te help waar hul kan.

Lidmate kan skenkings na ons kerk bring waarna ons dit sal neem na die verspreidingspunte.

Hier is ‘n lys van produkte wat onmiddellik benodig word:
Enige nie-bederfbare produkte, wat ook kan insluit:

- Toiletware: seep, toiletpapier, tandeborsels, tandepasta, sanitêre doekies, babadoeke
- Water
- Komberse, klere
- Nie-bederfbare voedsel, soos blikkieskos en babakos. Dit sluit in:
- Sojamaalvleis (“Soya Mince”)
- Blikkies: vis, “boeliebief”, mielies, “sweetcorn”, gemengde groente, “baked beans”.
- Koffie , tee, suiker, poeiermelk, langlewemelk
- Mieliepap en enige ander pap
- Sopmengsel, pakkies sop, “Cup-a-soup”
- 2 Min noedels, spaghetti/macaroni
- Pakkies rys, stampmielies (“samp”)
- Suiker

FINANSIËLE BYDRAE TOT DIE RAMPFONDS
Gemeentes en lidmate sou ook ‘n finansiële bydrae kon maak wat dan direk in hierdie gebiede aangewend sal word.
Die bankbesonderhede van die NG Kerk in Suid-Afrika se rampfonds:
Bank: Nedbank
Rekeningnommer: 113 598 8471
Rekeningnaam: NG Kerk in SA
Takkode: 123 209
Verwysing: Rampfonds

Ons weet dat uit al hierdie hartseer, daar getuienisse en stories van hoop sal kom, maar vir nou het ons ‘n geleentheid om onmiddellik en baie tasbaar uit te reik en te help waar ons kan.

Kospakkie-insameling vir Huis Sonop

Liewe lidmate

Aangesien ons nog altyd in die verlede op die lidmate van De Eike kon staatmaak, het ons weer die vrymoedigheid om julle te vra om ons asseblief weer met skenkings te help.

Ons wil graag weer in Augustus die volgende items aan die 60 inwoners van Sonop uitdeel.

1 blikkie koffie (100g)	1 pakkie tee (26 sakkies)	1 pakkie suiker (500g)
1 pakkie Lemon Creams	1 tandepasta (50 ml)	1 sepie (100g)

Hou asb by die mates, anders voel hulle gekrenk as die een ‘n groter item as die ander kry.

Verlede jaar het ons ‘n R5-stuk vir belgeld bo-op die blikkie koffie geplaas en dit was hul gunsteling geskenk. Aangesien ons die items vanjaar minder gemaak het, wil ons baie graag 2 x R5-stukke gee, sodat hulle hul familie kan bel.

Al die items kos ongeveer R50. Saam met die 2 x R5e is dit dus R60.

Handig asb jul skenkings in by die kerkkantoor of plaas in die mandjies. Merk net asb die sakke SONOP sodat dit onderskei kan word van die bydraes vir die kerk se koskas.

Ons bedank almal reeds by voorbaat hartlik! Lidmate is ook welkom om die uitdeel van die pakkies by te woon.

Seënwense van Meta van Deventer, Marita Koen, Alida Cornelissen en Anne Williams

KLUB VIR SENIORS

Ons wil graag ‘n klub vir Senior Burgers stig. Ons afskopgeleentheid is 30 Julie 2017 na die oggenddiens.

Ons nooi alle senior burgers na dié geleentheid.

AFVAL

Aan almal wat teleurgesteld was omdat hulle nie ‘n bakkie afval by die basaar kon koop nie, GOEIE NUUS. Wessie het aangebied om weer te maak. Gee jou bestelling by die kerkkantoor op. ‘n Bakkie (sonder samp of rys) sal R60 kos. Betaling moet saam met die bestelling geskied. Slegs ‘n beperkte hoeveelheid sal gemaak word, so moenie wag.

Preekskets – 11 Junie 2017

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA: VERWONDERING OOR DIE SKEPPER

Skriflesing: Psalm 8

Liedere:

Loflied – 205:1-3

Uitstuurlied – 464:1-4

Psalm 8 is ‘n Skeppingspsalm.

- Die digter staan verwonderd oor alles wat God gemaak het.
-

1. **Die wonder van die natuur**: dis vir almal toeganklik.
   - Die fisikaprofessor kan daaroor opgewonde raak.
   - Maar ‘n klein kindjie kan sy werk net so besing.
   - Dit vra ‘n sekere instelling om die spore van God in die skepping raak te sien.
   - Dit beskaam slim en geleerde mense wat ingewikkelde verklarings soek.
   - Dit bring ‘n ou stryd na vore: tussen verwondering en verstaan, rede en geloof.

2. **Want geloof begin wanneer jy iets van mens-wees verstaan**.
   - Wanneer die digter te staan kom voor die wonder van die grootheid van God, ontdek hy wie hy self is.
   - Hy besef sy eie nietigheid en gebrokenheid.
   - Hy verstaan iets van die “genade onbeskryflik groot” waarvan ons sing.

3. **Dis waarskynlik die sentrale tema van die Hervorming**.
   - Ons sal nog baie na einde Oktober toe gesels oor die Hervorming 500 jaar gelede.
   - Maar dis dalk die vernaamste erfenis daarvan.
   - Ons klein-heid voor God: “Wat is die mens dan...?”
   - DIS die punt waarvandaan geestelike groei moontlik is.